

HONS B Ed

OPVOEDKUNDIGE ONDERSTEUNING

Program beskrywing:

Die B.Ed Hons (Opvoedkundige Ondersteuning) stroom is 'n kombinasie van teorie en praktiese toepassing. Die huidige benadering tot die ondersteuning van die diverse behoeftes van leerders is deur 'n inklusiewe onderwys benadering. Daarom bied ons nie 'n kursus genaamd "Remediërende" onderwys aan nie. Die benadering tot die ondersteuning van leerders geïdentifiseer met leerhindernisse word gedek in die nagraadse program. Die inhoud van die modules is dus nie voorgekrewe in die sin dat daar nie stap-vir-stap leiding (of resepte) aan die studente gegee word rakende wat om te doen as leerders byvoorbeeld letters omruil nie. Ons rus studente toe met teorieë en moontlike strategieë om te assesser vir leerondersteuning en toepaslik te reageer ten opsigte van die diverse behoeftes van die leerders deur middel van multi-vlak onderwys. Na voltooiing van die kursus sal jy daartoe in staat wees om leerders te ondersteun vanuit 'n kollaboratiewe benadering. Die B.Ed Hons is 'n voorvereiste vir die graad M.Ed (Opvoedkundige Ondersteuning).

Die doel van die program:

Die doel van hierdie program is om studente toe te rus met die mees resente teoretiese kennis, aannames en strategieë, sowel as navorsingsvaardighede om effektief te kan onderrig, assesser en ondersteuning te bied in skole en ander opvoedkundige omgewings in Suid Afrika. Meer spesifiek beoog dit om effektiewe ondersteuning aan alle leerders met diverse behoeftes in 'n inklusiewe opvoedkundige sisteem en gemeenskappe te bied.

Die program beoog om 'n koherente en kritiese verstaan van die omvang en beginsels van die onderliggende opvoedkundige en opvoedkundige ondersteuning vir leerders wat leerhindernisse ervaar. Dit berei studente voor daarop om diverse en unieke leer vaardighede en leer hindernisse te identifiseer en dit te akkommodeer in sinvolle en voldoende maniere.

Vereistes:

Die HonsBEd-program word studente toegelaat wat in besit is van:

1. 'n toepaslike **universiteitsgraad en 'n sekondêre onderwysdiploma of sertifikaat** (bv. SOD, HOD, NOS, UOD, LSOD); of
2. 'n toepaslike **universiteitsgraad en 'n primêre onderwysdiploma** (bv. POS, POD, HPOD); of
3. 'n toepaslike universiteitsgraad en 'n onderwyskwalifikasie wat volgens die oordeel van die Senaat as voldoende geag word; of
4. 'n **vierjarige geïntegreerde onderwysgraad**; of
5. (wanneer hul akademies toepaslike beroepservaring dit regverdig) 'n ander toepaslike akademies-professionele studiekombinasie, wat vir die doel van aansluiting deur die Senaat as gelykwaardig aan 'n geïntegreerde vierjarige B-graad

of 'n B-graad geag word (Aanvullende Opvoedkundestudie kan van dié kandidate vereis word voor toelating); of

6. **erkende vierjarige naskoolse opleiding**, wat 'n professionele onderwyskwalifikasie

Insluit

7. **toegang tot internet en rekenaarvaardighede**: Studente moet tot toegang beskik oor 'n rekenaar en internet.

Spesifieke toelatingsvereistes vir hierdie program:

Afgesien van die algemene toelatingsvereistes vir Hons BEd, is daar geen bykomende vereistes vir hierdie program nie.

Programstruktuur:

| |
|---|
| Verpligte jaarmodules |
| Navorsingsprojek (Onderwysondersteuning) |
| Verpligte eerste semestermodules |
| Opvoedkundige Navorsing |
| Interpretatiewe Navorsing |
| Kennis, handeling en wese: raamwerk van die studie van opvoedkunde |
| Volwasse leer en ondersteuning |
| Leer en Kognisie |
| Verpligte tweede semestermodules |
| Leeruitdagings |
| Leerondersteuning |
| Keusemodules |
| Alle modules vir die Hons BEd (Onderwysondersteuning) is verpligtend. Daar is <i>geen</i> keusemodules nie. |

Hoe om aansoek te doen:

U kan aanlyn aansoek doen op die Universiteit se webtuiste by:

<http://t2000-05.sun.ac.za/eAansoeke/alq.jsp?TI=1>

maar...

Indien u wel by die US geregistreer is, die jaar wanneer u aansoek doen, hoef u net 'n epos aan mev. Euné Louwrens te stuur om direk aansoek te doen by haar (Mei maand se kant). Sy kan ook vir administratiewe en program aangeleenthede gekontak word; e-pos: eel@sun.ac.za.

Sluitingsdatum: 30 November

Let wel:
**Hierdie program sal 'n ander module samestelling hê vanaf 2016
en die wyse van onderrig en leer sal gemengde leer wees**

Gemengde leer:

Hierdie program sal in 2017 aangebied word in 'n gemengde leer wyse met minstens twee kontak sessies. 'n Beperkte hoeveelheid studente sal aanvaar word vir hierdie program. Die duur van die program: een jaar voltyds of twee jaar deelyds.

Die gemengde leer model sal studente wat van kampus af bly en/of voltyds werk (bv. onderwys) akkommodeer deur gebruik te maak van 'n kombinasie van aangesig-tot-aangesig interaksies, asook elektronies media (via SUNLearn).

Algemene vrae:

1. *Kan ek hierdie program doen as ek oorsee bly?*

Nee. Dit sal baie moeilik wees om die vereistes van die honneurs program te voltooi wanneer jy oorsee bly. Een rede hiervoor is dat, ander as UNISA wat geakkrediteer is om afstand leer te verskaf is Stellenbosch steeds 'n residensiële universiteit. Nog 'n rede is dat daar 'n navorsingsprojek as deel van die module in die nuwe program gedoen gaan word. Dit sal 'n sekere hoeveelheid aangesig-tot-aangesig interaksie vereis met jou betrokke studieleier en in sommige gevalle selfs groepwerk.

2. *Kan ek voltyds werk en steeds vir die program geregistreer wees?*

Ja. Die wyse van leer sal alle student in staat stel om te werk as onderwysers en die studeer op dieselfde tyd.

Vir verdere inligting:

Kontak die programkoördineerder

Kontakpersoon:

Dr. LM Dreyer

Kontaknommer: +27 (0) 21 808 3502

E-pos adres: lornadreyer@sun.ac.za

of verwys na die US jaarboek (Opvoedkunde) vir verdere details rakende die kursus:
<http://www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/Pages/Calendar.aspx>